

MONNIE GONS

Monnies Presteer

Uitgawe 9 van 2024 | Tydperk: 14 - 20 Maart



TENNISLIGA KWARTAAL 1 2024

Baie geluk aan elke speler en span met julle uitslae van 26 Februarie. Ons is trots op julle. Dankie dat julle elke week so getrou oefen.

Span	Liga	Opponent
Seuns Oop B	L/s Hennospark I	Verloor
Seuns Oop C	L/s Rooihuiskraal	Verloor
Seuns o/11 A	Midstream College	Wen 40 - 15
Seuns o/11 B	Cornwall Hill	Verloor
Dogters Oop A	St Mary's DSG	Verloor

ATLETIEK

Baie geluk aan ons Monnies atlete wat uitstekend presteer het tydens die Gauteng Kampioenskappe. Julle het met oorgawe deelgeneem en pluk die vrugte van jul harde werk. Dankie vir die mooi voorbeeld van die Monnie Manier leef.

Baie sterkte aan Emma en Jannes wat deurdring na die Suid Afrikaanse Kampioenskappe wat 24 tot 26 Maart in Limpopo plaasvind.

ATLETIEK: GAUTENG KAMPIOENSKAP RESULTATE

**VEELS GELUK MET JOU
1STE PLEK!**

O/10 - 70M HEKKIES



EMMA VORSTER

DRING DEUR NA DIE SA KAMPIOENSKAPPE.

ATLETIEK: GAUTENG KAMPIOENSKAP RESULTATE

**VEELS GELUK MET JOU
2DE PLEK!**

O/12 - DISKUS



JANNES BARNARD

DRING DEUR NA DIE SA KAMPIOENSKAPPE.



TENNIS

Aidan McConnell in Graad 7 neem vanaf 21 - 26 Maart deel aan die Tennis Suid-Afrika (TSA) Junior Nasionale Kampioenskappe wat in Bloemfontein plaasvind.

Slegs die top 60 spelers in die land in elke ouderdomsgroep vanaf o/12 tot o/18 word elke jaar genooi om aan hierdie toernooi deel te neem. Dit is die derde agtereenvolgende jaar wat Aidan kwalifiseer om in hierdie toernooi te speel. Baie sterkte, Aidan!

